

Die Suid-Afrikaanse Weermag en Transgrensoperasie Moduler¹, fase 1: Die FAPLA-offensief teen UNITA, Augustus - Oktober 1987 [Deel 1]

Gerhard JJ Oosthuizen
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit

Abstract

The objective of the South West African People's Organisation (SWAPO) was to liberate South West Africa (Namibia) from South African rule. In 1962, SWAPO decided to combine the political struggle for the freedom of South West Africa with military actions against the South African forces. International events contributed to the struggle for South West Africa not being confined to SWAPO and the South African forces only. After a coup d'état and the economic and moral burden which colonies entailed, Portugal withdrew from Angola and Mozambique in a rush in 1974. SWAPO, assisted by the Movimento Popular de Libertação de Angola (MPLA), established military bases in the south of Angola to invade South West Africa more effectively. It was therefore only a matter of time before the South African forces encountered not only SWAPO, but also the MPLA and Cuban forces. South Africa, however, did not take an attitude of wait and see, but tried to retain the initiative through pre-emptive operations. This article focuses on the first phase of Operation Moduler (August-October 1987). It explores how the combined South African Forces came to the aid of a beleaguered UNITA, after a FAPLA offensive on the UNITA stronghold of Mavinga. Although the Battle of the Lomba River on 3 October 1987 ended in the crushing of 47 Brigade of FAPLA, the South African forces failed to take advantage of this situation. The reasons for this will also be analysed in the article.

Sleutelwoorde: Operasie Moduler; Suid-Afrikaanse Weermag; UNITA; MPLA; FAPLA; Angola; Lomba; Cuito Cuanavale; Menongue; Mavinga.

1 Die amptelike SAW-spelling is *Moduler* en nie *Modulêr* nie.

Inleiding

Drie bevrydingsbewegings, naamlik die Movimento Popular de Libertação de Angola (MPLA), Frente Nacional de Libertação de Angola (FNLA) en União Nacional para a Independência Total de Angola (UNITA), het Portugal in die 1960s die stryd aangesê om Angola van koloniale beheer te bevry. Aanvanklik het die Portugese hardnekkig teenstand gebied, maar na die 1974-staatsgreep het hulle inderhaas uit Angola onttrek. In dié stadium het die MPLA en die militêre vleuel, Forças Armadas Populares de Libertação de Angola (FAPLA), die hoofstad Luanda en omstreke beheer, terwyl die FNLA die noorde en UNITA die suide van Angola beheer het. Na die onafhanklikwording van Angola op 11 November 1975 het die drie bevrydingsorganisasies mekaar opnuut die stryd aangesê om opperheerskappy. Die burgeroorlog wat daarop gevolg het en waartydens sowat een miljoen Angolese gesterf het, het teen die agtergrond van die Koue Oorlog (1945-1990) afgespeel. Suid-Afrika, gesteun deur die VSA, het UNITA en die FNLA ondersteun, terwyl die USSR en sy satellietstaat Kuba die MPLA/FAPLA militêr en finansiêl gesteun het. Kuba en die MPLA het die Kommunistiesgesinde South West African People's Organisation (SWAPO) ondersteun en hulle in staat gestel om Suidwes-Afrika (Namibië) vanuit Suid-Angola binne te dring. As gevolg van al hierdie verwickelinge het die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) sedert 1975 verskeie transgrensoperasies² van stapel gestuur om enige insypeling in Suidwes-Afrika vanuit Suid-Angola in die kiem te smoor.³

'n Grootskaalse FAPLA-offensief teen UNITA het die gekombineerde Suid-Afrikaanse magte genoodsaak om oorgrens-ondersteuning aan hulle bondgenote te bied.⁴ In hierdie artikel word gefokus op die eerste en ook enigste suksesvolle fase van Transgrensoperasie Moduler (Augustus - Oktober 1987). Hoewel verskeie sekondêre bronne⁵ oor die sogenaamde "Bosoorlog" die afgelepe tyd die lig gesien het, word daar in hierdie bronne (met die

2 Suid-Afrikaanse militêre operasies vanuit die noorde van Namibië oor die Angolese grens.

3 P Gleijeses, *Conflicting missions Havana, Washington, Pretoria* (Galago, Alberton, 2003), pp. 232-245; H Hamann, *Days of the generals. The untold story of South Africa's apartheid-era military generals* (Zebra Press, Cape Town, 2001), pp. 11-45.

4 Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Dokumentasiesentrum (SANWD), Pretoria, JF Huyser-versameling (JFH), houer 16, Lêer 68: A concise history of Operation Moduler (Phase one): May-October 1987, pp. 1-2; 119-122.

5 Kyk byvoorbeeld H Hamann, *Days of the generals...*; P Nortje, *32 Battalion: The inside story of South Africa's elite fighting unit* (Zebra Press Cape Town, 2003); J Geldenhuys, *A general's story from an era of war and peace* (Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 1995); R Dreyer, *Namibia and Southern Africa: Regional Dynamics of Decolonisation, 1945-1990* (Kegan Paul, London, 1994); D Williams, *On the border: the white South African military experience, 1965-1990* (Tafelberg, Cape Town, 2008).

uitsondering van H-R Heitman⁶) slegs enkele paragrawe of bladsye aan die eerste fase van Operasie Moduler gewy. Die klem in bogenoemde bronne is hoofsaaklik op die Slag van die Lomba-rivier (3 Oktober 1987). Bogenoemde publikasies (insluitende dié van Heitmann) is voorts ongeverifieerd, aangesien voetnoot-/endnootverwysings in totaliteit ontbreek. Geverifieerde bronne se verwysings is ook hoofsaaklik beperk tot gepubliseerde/sekondêre bronne⁷ en hulle staan beperkte ruimte aan Operasie Moduler (fase 1) af. In reaksie op hierdie leemte is hierdie artikel daarom 'n poging om 'n kritiese narratief te bied van Operasie Moduler (fase 1), gegrond op die uitgebreide argivalia wat beskikbaar is in die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Dokumentasiesentrum.

'n UNITA-noodkreet

Vroeg in 1987 het die SAW inligting bekom dat FAPLA en die Kubane besig was met intensiewe voorbereidings om UNITA uit suidoos-Angola te verdryf. Die FAPLA-magte (insluitende Kubane en Russe) het Quito Cuanavale, in die Sesde Militêre Streek (6MS) van Angola, as “hegte basis ontwikkel” om vandaar offensiewe te loods teen die UNITA-vesting Mavinga (sien die kaart hiernaas).⁸ Die 6MS se FAPLA-hoofkwartier (HK) was in Menongue, terwyl die 6MS se Voorste Bevelspos (VBP) van FAPLA in Quito Cuanavale gestasioneer was.⁹

6 H-R Heitmann, *War in Angola. The final South African phase* (Ashanti, Gibraltar, 1990).

7 Kyk byvoorbeeld R Dreyer, *Namibia and Southern Africa...*; C Saunders, “South Africa’s war in Southern Angola (1987-1988) and the independence of Namibia”, *Journal for Contemporary History*, vol. 18, no. 1, June 1993; E Jordaan, “The role of South African armour in South-West Africa/Namibia and Angola: 1975-1989”, *Journal for Contemporary History*, vol. 31, no. 3, December 2006; CJ Jacobs, “The forward defence strategy of the South African Defence Force (SADF), 1978-1989”, *Journal for Contemporary History*, vol. 31, no. 3, December 2006; RS Lord, SAAF fighter involvement in the Border War, 1965-1988”, *Journal for Contemporary History*, vol. 31, no. 3, December 2006; L Scholtz, “in Strategiese en operasionele beoordeling van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) se oorgrensoperasies in Angola, 1978-1988”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, vol. 34, no. 1, Februarie 2009; L Barnard, “Cross-border operations of the SAAF in Angola: 1987-1989. Prelude tot the final stages of the war”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, vol. 34, no. 1, Februarie 2009; L Scholtz, “The air war over Angola, 1987-1988: An analysis”, *Journal for Contemporary History*, vol. 34, no. 1, February 2009.

8 SANWD, JFH, houer 17, Lêer 69: *Militêre geskiedenis Op Moduler*, reeksnommer 1 en 2.

9 SANWD, JFH, houer 17, Lêer 69: *Militêre geskiedenis Op Moduler, FAPLA Bevel en Beheer*, ca Augustus 1987.

Figuur 1: Angola, Militêre Streke¹⁰



Teen April 1987 het Jonas Savimbi, president van UNITA, uiteindelik tot die besef gekom van die onafwendbaarheid van 'n grootskaalse FAPLA-offensief. Gevolglik het sy stafhoof, generaal Demostenes, en visestafhoof, generaal Ben Ben, lede van die SAW op 1 Mei 1987 in Mavinga ontmoet. Brigadier Thackwray (Direkteur: Spesiale Take) het aan die hoof van die SAW-afvaardiging van ses lede gestaan. Die UNITA-verteenwoordigers het

¹⁰ Suid-Afrikaanse Weermag Oorsig/South African Defence Force Review, 1987/1988 (Walker-Ramus, Durban), p. 277.

toegegee dat die suidelike UNITA-vesting in Mavinga ernstig bedreig was en dat SAW-hulp dringend noodsaaklik was.¹¹

Die SAW het besluit om UNITA te ondersteun met die doel om die FAPLA-offensief genaamd Operasie *Saludando a Octubre* (“Salueer Oktobermaand”, ‘n verwysing na die Russiese Revolusie van 1917)¹² in die 6MS te stuit.¹³ Die Hoof van die Suid-Afrikaanse Leër (H Leër) en Hoof van die Suid-Afrikaanse Lugmag (H SALM) het op 11 Junie 1987 ‘n gesamentlike beplanningsdokument uitgestuur waarin vir vier opsies voorsiening gemaak is. Opsie 4 het ‘n SALM-offensief teen FAPLA-infrastruktuurteikens in Suid-Angola behels. Sodra ‘n gunstige lugsituasie in die 6MS geskep is, moes die grondmagte (bestaande uit 61 Gemeganiseerde Bataljon Groep, 32 Bataljon en ‘n veggroep uit Sektor 10, ondersteun deur offensiewe SALM-optrede) Quito Cuanavale verower en aan UNITA oorhandig. Te oordeel aan hulle memorandum, was die beplanners deeglik bewus van die probleme wat die gevegsterrein gebied het: “Afgesien van lae vlak kwelaksies [teistering], bv. wegstaanbestokings¹⁴ op Cuito, is daar weinig wat vanaf grondkant¹⁵ aan Cuito gedoen kan word, sonder ‘n groot konvensionele poging, met hoë risiko’s, wat ernstige langtermynimplikasies kan inhou.” Dié opsie is dus beskou as te riskant (met moontlike grootskaalse verliese) en onprakties¹⁶ en daarom is op 22 Junie 1987 besluit om UNITA in “vier eskalerende stadia” te ondersteun:

- Stadium 1; Ondersteuning word op ‘n beperkte skaal en op klandestiene, koverte¹⁷ wyse aan UNITA gelewer.
- Stadium 2; Deur voorafskakeling en detailkoördineringsplan daargestel. Met die aanvang van die offensief word die [lugaflewings]plan uitgevoer om FAPA [MPLA-lugmag] se doeltreffendheid in die offensief te neutraliseer.
- Stadium 3; Op soortgelyke wyse as vir stadium 2, word ‘n oorwoë en goed gekoördineerde tenkafweerverdedigingsplan daargestel. Met die aanvang van

11 SANWD, JFH, houer 30, Lêer 156: W Dörning, *A concise history of Operation Modular (Phase one)*, May - October 1987, pp. 7-8.

12 HL Blanch & I Liebenberg, “A view from Cuba: internationalists against apartheid”, *Journal for Contemporary History*, vol. 34, no. 1, February 2009, p. 100; L Scholtz, “The air war over Angola...”, *Journal for Contemporary History*, 34(1), February 2009, p. 240.

13 G Shaw, “South Africa/Angola: Accepting the consequences”, *The Natal Witness*, 16 November 1987, p. 6.

14 Die afvuur van byvoorbeeld vuurpyle deur die MVLs op ‘n veilige afstand en buite die gesigsveld van die vyand.

15 ‘n Aanval “grondlangs” in plaas van “luglangs”, met ander woorde “van aangesig-tot-aangesig-gevegte” waarby byvoorbeeld infanteriste en tenks betrokke is.

16 SANWD, JFH, houer 14, Lêer 50, H Leër/D OPS/309/1 – Op Modular en LMH/TS/SSO OPS PLAN/309/4 – Luxor: *Op Modular beplanning: SAW deelname aan operasies ter ondersteuning van UNITA in die Sesde Militêre Streek*, 11 Junie 1987, pp. 1, 3-4 & 8-9.

17 Die SAW sou UNITA dus in die geheim ondersteun.

die offensief word hierdie plan dan uitgevoer.

- Indien stadia 1 tot 3 in werking gestel is, die offensief wel [‘n] aanvang neem, en dit as noodsaaklik gesien word, kan die SALM offensief aangewend word teen nie-infrastruktuurteikens Oos van Cuito Cuanavale.¹⁸

Die SALM se offensiewe aanwending tydens stadium 4 is streng beperk tot die area 30 km vanaf Quito Cuanavale. Daar is ook beslis dat die vierde stadium (die SALM-offensief) slegs geaktiveer sou word indien die eerste drie stadia ten volle in werking gestel is maar die FAPLA-offensief desondanks steeds voortgesit word.¹⁹

Kommunikasie-operasionele riglyne (rakende die bekendmaking/aanwending van geselekteerde SAW-inligting) vir Operasie Moduler het die volgende vier oogmerke gehad:

- Die internasionale gemeenskap moes oortuig word dat die SAW-ondersteuning aan UNITA geregtig was.
- Die Angolese magte en plaaslike bevolking moes oortuig word dat UNITA inderwaarheid die bevryders van Angola is, terwyl die Kubaanse besettingsmag die onderdrukkers was.
- Die bevolking van die Republiek van Suid-Afrika (RSA) moes oortuig word dat die SAW-optrede geregtig was.
- Die bevolking van die RSA moes oortuig word dat die SAW in direkte belang van die RSA opgetree het.²⁰

Aanvang van die FAPLA-offensief, Augustus 1987

Operasie Moduler was aanvanklik onder bevel van luitenant-generaal Kat Liebenberg, terwyl kolonel Jock Harris (sy opvolger), die bevelvoerende offisier van 32 Bataljon, as bevelvoerder-in-die-veld sou optree. Daar is besluit dat 32 Bataljon nie aan gevegte sou deelneem nie, maar beskerming sou verskaf aan die multi-vuurpyllanseerders (MVLs) en om Mavinga te vrywaar van ‘n FAPLA-aanval.²¹

18 SANWD, houer 14, Lêer 50, vol. 1, H Leër/D OPS/309/1 – Op Moduler: *Op Instr 18/87 Op Moduler*, 22 Junie 1987, pp. 2-3.

19 SANWD, Pretoria JFH, houer 14, Lêer 50, vol. 1, LMH/TS/SSO Ops Plan/309/4/Moduler: *Ops direktief 29/87 Ops Moduler*, 22 Junie 1987, pp. 2-3.

20 SANWD, JFH, houer 14, Lêer 50, vol. 1, AMI/10/328/6/3/309/1/Op Moduler: *Komopsriglyne Op Moduler*, 20 Augustus 1987, p. 2.

21 P Nortje, *32 Battalion: The inside story of South Africa's elite fighting unit* (Zebra Press, Cape Town, 2003), p. 234.

Gedurende die eerste fase van die operasie is UNITA ondersteun deur Suid-Afrikaanse skakelspanne, wat getaak was om verkenning en gevegswaarderings te onderneem, behulpsaam te wees met die opleiding van UNITA-troepe en om UNITA takties te adviseer om deur middel van kwelaksies die FAPLA-offensief te frustreer en te ontwig. Die ontplooiing van hierdie skakelspanne het bekend gestaan as Operasie Chuva. In 'n tweede operasie, Operasie Coolidge, moes 4 Verkenningsregiment 'n uitvoerbaarheidstudie van stapel stuur vir die vernietiging van die Quito Cuanavale-brug.²²

Op 13 Augustus 1987 is die eerste skote deur Suid-Afrikaanse magte op 47 en 59 Brigades in die Catado-woude afgevuur - 'n 120 mm mortierbattery is in die aanval gebruik.²³ Dié optrede het die suidwaartse offensief egter slegs met enkele dae vertraag, want gedurende die nag van 16 en 17 Augustus 1987 het die lang verwagte suidwaartse FAPLA-offensief vanaf Cuito Cuanavale na Mavinga begin. Brigades 47 en 59 het suidwaarts na die Lomba-rivier beweeg, terwyl Brigades 16 en 21 suidwaarts na die oorsprong van die Cunzumbia-rivier beweeg het. Die doel van hulle offensief was om UNITA-vestings by Mavinga en Jamba te verower. FAPLA-brigades 8, 13, 25 en 66 is in reserwe gehou om onder andere 'n verskeidenheid logistieke en gebiedsoperasionele take te verrig.²⁴

Die magspeile²⁵ wat vir Operasie Moduler gemagtig is, was beperk tot vier infanteriekompanies van 32 Bataljon, ondersteun deur 'n 127mm MVL-battery en 'n 120 mm mortiertroep. Dit het egter gou duidelik geword dat die bedreiging veel groter was as wat aanvanklik beraam is. Teen die einde van Augustus 1987 het die Ratel-90 anti-tenkeskadron van 32 Bataljon en 'n battery G5-kanonne gevolglik die Suid-Afrikaanse gelede in Angola versterk. Na verdere versterkings was daar teen die begin van September 1987 'n brigadegrote mag (20 Brigade) gereed om die FAPLA magte aan te val.²⁶

Verskeie onsuksesvolle pogings is aangewend om met behulp van die 120mm mortierbattery en die MVLs onder bevel van kommandant R Hartsliet die suidwaartse offensief van die FAPLA-brigades te stuit. Gedurende die

22 SANWD, JFH, houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Moduler...*, pp. 8-9.

23 P Nortje, *32 Battalion...*, p. 236.

24 SANWD, JFH, houer 14, Lêer 51, SWS2/INL/687/26 Aug 87: Sein SWA GM 31/H SWA 2 *et al.*; houer 24, Lêer 104: *[Operasie Moduler:] Beknopte historiese oorsig van die FAPLA-offensief*, pp. 3.4-3.5; J Geldenhuys, *A general's story from an era of war and peace...*, pp. 211-212.

25 Die sterkte van die militêre mag.

26 SANWD, JFH, houer 27, Lêer 130: *Oorlogsdagboek en los dokumente Ops Moduler*, 26 Augustus 1987, reeksnommer 12, 1933B; houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Moduler...*, pp. 1-2.

nag van 19 en 20 Augustus 1987 is 47 en 59 Brigades onsuksesvol bestoek deur die MVL-battery. In die week van 21 tot 28 Augustus 1987 is daar egter akkuraat gevuur op die twee FAPLA-brigades tydens hulle suidwaartse offensief langs die westelike oewer van die Cuzizi-rivier en hulle verbete tog na die Lomba-rivier. Tydens die aand van 26 Augustus en die vroeë oggend van 27 Augustus 1987 het veral die MVL-battery die 47 en 59 Brigades erge skade berokken. Die sogenaamde “y-berigte” (onderskepte FAPLA-berigte) het gedui op 20 gesneuweldes en 98 gewondes, terwyl 5 tenks ook in die slag gebly het. Ondanks dié verbete pogings kon die twee brigades daarin slaag om voor die einde van Augustus 1987 binne trefafstand (sowat 2 tot 3 km) van die Lomba-rivier te beweeg.²⁷ Versterkings is dus dringend ingewag om hierdie suidwaartse offensief te stuit.

Vir stadia 2 en 3 is die aanwending van die G5-battery en die tenkafweerskadron van 32 Bataljon ingevolge Operasionele Instruksies 21/87 en 22/87 gemagtig. Benewens die offensiewe aanwending van die SALM ten opsigte van stadium 4 is ook die operasionele aanwending van 61 Gemeganiseerde Bataljon Groep goedgekeur met die doel om onder andere 47 en 59 Brigades van FAPLA te vernietig.²⁸

Tydens bogenoemde verwickelinge is Operasie Coolidge van stapel gestuur. ‘n Span van ses operateurs van 4 Verkenningsregiment het, na deeglike verkenning, op 24 Augustus 1987 na die Cuito Cuanavale-brug vertrek en dit gedurende die nag van 25 en 26 Augustus 1987 gedeeltelik die lug ingeblaas. Dié sukses was egter nie genoeg om die suidwaartse opmars van 47 en 59 FAPLA-Brigades effektief te stop nie. Dit het wel toekomstige probleme vir die FAPLA-magte ingehou, aangesien die logistieke roete vanaf Cuito Cuanavale na die voorste brigades daardeur afgesny is.²⁹

Gedurende die periode 29 tot 31 Augustus 1987 het al vier FAPLA-brigades doelgerig na die doelwit beweeg. Só byvoorbeeld het 21 Brigade 40km in slegs twee dae afgelê oor uiters ruwe terrein, terwyl hulle boonop vergesel was van swaar pantservoertuie. Reeds op 31 Augustus 1987 het 47 Brigade die

27 SANWD, JFH, houer 14, Lêer 51, SWS2/INL/687/26 Aug 87: Sein SWA GM 21/H SWA 2 *et al.*; houer 14, Lêer 51, Ops/188/Aug 87, Sein Tak HK Rundu/SWA GM 31, [27 Augustus 1987]; houer 27, Lêer 130: *Oorlogsdagboek...*, 19 Augustus 1987, reeksnommer 14, 2359B; 26 Augustus 1987, 2106B; houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Modular...*, pp. 27-31.

28 SANWD, JFH, houer 25, Lêer 107, D Ops/807/29 Aug 87: Sein H Leër 31/SWA GM 31 Tak HK Rundu; houer 15, Lêer 55, vol. 2, Ops/807/29 Aug 87: H Leër 31/SWA GM 31 Tak HK Rundu.

29 SANWD, JFH, houer 24, Lêer 103, Ops/154/Aug 87: Sein Tak HK/Voor HK, [26 Augustus 1987]; houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Modular...*, pp. 31-32.

oorsprong van die Lomba-rivier bereik en was in die proses om rondom die oorsprong in 'n suidelike en daarna in 'n oostelike rigting te beweeg. Daarna sou die brigade 'n brughoof³⁰ vir 59 en 21 Brigade stig om die Lomba-rivier te kruis. Op dieselfde dag het 59 Brigade reeds die Cuzizi-rivier oorgesteek en hulle 6 km noord van die sameloop van die Cunzumbia- en Lomba-riviere bevind. Die militêre historikus W Dörnig het die implikasie van die FAPLA-kruising van die Lomba-rivier só verwoord:³¹

If this was allowed to happen before all 20 Brigades' forces could be deployed in defensive positions along the Lomba front, the chances of preventing the combined enemy force from advancing on and capturing Mavinga itself would be very slim indeed.

Die skielike en aggressiewe bewegings van die FAPLA-brigades het die Bevelvoerende Offisier van die Suid-Afrikaanse magte, kolonel KV Harris, genoop om dringend teenmaatreëls te tref. Harris het die MVL-battery strategies ontplooi om 47 Brigade te bestook. 'n Volle salvo om 07:50 op die oggend van 31 Augustus 1987 het die gewenste uitwerking gehad en 47 Brigade was as gevolg daarvan tydelik in die omgewing van die oorsprong van die Lomba-rivier vasgepen. Daarbenewens het kolonel Harris ook die G5-battery, die 120mm mortier-battery en drie skakelspanne effektief aangewend. Kolonel Harris kon deur die tydige en effektiewe ontplooiing en aanwending van alle beskikbare magte die gevaarsituasie tydelik ontloot en die vier FAPLA-brigades tot stilstand dwing. Die gekombineerde aanwending van die MVL-battery en die G5-battery het veral 'n vernietigende en demoraliserende uitwerking op die FAPLA-magte gehad.³²

Die skermutselings van 6-13 September 1987

Kolonel Harris is op eie versoek met ingang 6 September 1987 vervang deur 'n operasioneel meer ervare bevelvoerder in die persoon van kolonel Deon Ferreira. Ferreira het 20 Brigade, met 'n magspeil van ongeveer 2 500 soldate, in drie gevegsgroepe verdeel:

- *Alpha*, onder bevel van kommandant JJ Smit, het bestaan uit een gemeganiseerde kompanie, Golf Kompanie van 32 Bataljon, wat in Buffels vervoer is, 'n 81mm

30 Verskansing (versterkte stelling) ter dekking van 'n brug of byvoorbeeld 'n rivierdeurgang vanwaar verdere aanvalle geloods kan word.

31 SANWD, JFH, houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Modular...*, pp. 34-35.

32 SANWD, JFH, houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Module...*, pp. 35-37.

mortiergroep en 'n lugafweertroep van ses 20mm Ystervark-voertuie van 61 Gemeganiseerde Bataljon.

- *Bravo*, onder bevel van kommandant R Hartsliet, het bestaan uit Foxtrot Kompanie van 32 Bataljon, een peloton van Bravo Kompanie, die anti-tenkeskadron, die ondersteuningskompanie en twee gemotoriseerde kompanies van 101 Bataljon wat vervoer is in Caspirs.
- *Charlie*, onder bevel van majoor DH Lotter, het bestaan uit 'n gemeganiseerde kompanie, een anti-tenkpeloton en 'n 81 mm mortiergroep van 61 Gemeganiseerde Bataljon. 20 Brigade is bygestaan deur 20 Artillerie Regiment, bestaande uit die volgende afdelings:
- *Quebec Battery*: 155mm G5-kanonne wat beskerm is deur twee pelotonne van 32 Bataljon se Bravo Kompanie, vier Stinger-lugafweermisielspanne van UNITA, twee SA 7-lugafweermisielspanne, en agt 14,5mm lugafweerkannone.
- *Papa Battery*: Die 127mm MVLS wat beskerm is deur 32 Bataljon se Charlie Kompanie, 'n 20mm lugafweertroep, twee Stinger lugafweermisielspanne van UNITA, en twee SA 7-lugafweermisielspanne.
- *Sierra Battery*: 120mm mortiere wat beskerm is deur een peloton van 32 Bataljon.³³

Die SALM se rol in Operasie Modular was aanvanklik beperk tot die vervoer van personeel en voorrade deur middel van Puma-helikopters en Dakota-, C130- en C160-transportvliegtuie vanaf Rundu na Mavinga. Vroeg in September 1987 is daar egter 'n hele aantal vliegtuie ontplooi om offensiewe *sorties* (gevegsvlugte) ter ondersteuning van Operasie Modular te onderneem. Op 4 September 1987 het daar byvoorbeeld ses Mirages F1 CZs vir dié doel (lugverdediging en onderskeppingsoperasies) in Rundu aangekom.³⁴

As gevolg van die volgehoue bombardement van 47, 59 en 21 Brigades gedurende die eerste aantal dae van September 1987 het FAPLA aansienlike verliese gely ten opsigte van personeel, uitrusting en voertuie. Die belangrikste gevolg van die artilleriesbombardement was dat die ooswaartse offensief van 47 Brigade aansienlik afgeneem het. Kommandant Les Rudman se skakelspan van ongeveer 40 man sterk het hulle egter op 6 September 1987 teen 'n oorweldigende FAPLA-oormag vasgeloop 9km suidwes van die samevloeiing van die Lomba- en Cunzumbia-riviere. Na 'n hewige skietgeveg, waartydens

33 SANWD, JFH, houer 14, Lêer 51: *Voorligting aan GS*, 14 September 1987, pp. 2-4; houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Modular...*, pp. 41-42; P Nortje, *32 Battalion: The inside story of South Africa's elite fighting unit* (Zebra Press, Cape Town, 2003), p. 239.

34 SANWD, JFH, houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Modular...*, p. 43.

korporaal Beneke gesneuwel en sewe ander soldate gewond is, moes Rudman en sy mag die aftog blaas. Die FAPLA-mag het egter ook hewige verliese gely in die geveg en was verplig om terug te trek. Vanuit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt was die belangrikste gevolg van hierdie geveg die afweer van 'n onmiddellike bedreiging, naamlik die gevaar dat FAPLA se 47 en 59 Brigades by mekaar sou aansluit.³⁵

Die Suid-Afrikaanse magte het in die week van 7 tot 13 September 1987 voor hulle grootste uitdaging te staan gekom om die FAPLA-offensief te stuit. Kolonel Ferreira se gevegsplan was gebaseer op voortgesette pogings om UNITA te ondersteun en om te verhoed dat 47 en 59 Brigades by die samevloeiing van die Cunzumbia- en Lomba-riviere by mekaar aansluit.³⁶

Die SAW het reeds op 9 September 1987³⁷ inligting bekom dat elemente van 21 Brigade besig was om die Lomba-rivier oor te steek by 'n brughoof sowat 7km oos van die Cunzumbia-Lomba-samevloeiing. Die volgende dag het die Suid-Afrikaanse magte 'n hewige aanval op 21 Brigade geloods. Dit was die eerste keer tydens Operasie Moduler dat FAPLA- en RSA-grondmagte direk slaags geraak het. In die proses is 'n hele FAPLA-bataljon en 'n groot hoeveelheid uitrusting vernietig. In 'n onderskepte berig kon daar dan ook gehoor word hoe die bevelvoerder van 21 Brigade kripties rapporteer: "Situation very bad."³⁸

Dörnig huldig die volgende mening betreffende die SAW-aanslag:³⁹

By any standards, the action of 10 September must be considered a brilliant success for the SADF. Combat Group Bravo's timely intervention had succeeded in thwarting 21 Brigade's first concerted attempt to cross the Lomba river, and the enemy's offensive capability had been dealt a heavy blow in terms of the men and material lost during the engagement – all this for the loss of only two wounded on the side of Combat Group Bravo.

35 SANWD, JFH, houer 14, Lêer 51, Ops/454/08 Sept 87: Sein Tak HK Rundu/H Leër 31 *et al.*; houer 14, Lêer 51, Ops/394/06 Sept 87: Sein Tak HK Rundu/H Leër 31 *et al.*; houer 14, Lêer 51, Ops/247/05 Sept 87: Sein Tak HK Rundu/H Leër 31 *et al.*; houer 28, Lêer 135, Ops/431/Sept 87: 20 Bde/Veggroep A, B en C, [ca 21 September 1987]; houer 27, Lêer 130: *Oorlogsdagboek...*, 1 September 1987, reeksnommer 11; 5 September 1987, reeksnommer 1, 10; 6 September 1987, reeksnommer 7, 11, 16-17; houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Moduler...*, pp. 46-47.

36 SANWD, JFH, houer 27, Lêer 130: *Oorlogsdagboek...*, 7 September 1987, reeksnommer 2; houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Moduler...*, pp. 47-48.

37 SANWD, JFH, houer 27, Lêer 130: *Oorlogsdagboek...*, 9 September 1987, reeksnommer 6.

38 SANWD, JFH, houer 26, Lêer 119, Inl/343/10 Sept 87: Inrap 20 Bde Voor HK/Tak HK Rundu; houer 14, Lêer 51, Ops/620/10 Sept 87: Sein Tak HK Rundu/H Leër 31 *et al.*; houer 26, Lêer 119, Inl/343/10 Sept 87, Inrap 53/87: 20 Bde VHK/THK Rundu; houer 24, Lêer 104: [*Operasie Moduler:*] *Beknopte historiese oorsig...*, 10 September 1987, reeksnommer 3, 4, 6, 13 en 14.

39 SANWD, JFH, houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Moduler...*, pp. 51-52.

‘n Tweede poging van die FAPLA-magte om die Lomba-rivier oor te steek het op 12 en 13 September 1987 plaasgevind. Elemente van 59 Brigade en Taktiese groep 2 het die Lomba-rivier probeer oorsteek met die doel om by 47 Brigade aan te sluit. Die Suid-Afrikaners het ‘n hewige aanslag geloods en die FAPLA-magte aansienlik verliese toegedien: sowat 300 troepe het gesneuwel en FAPLA het vyf T55-tenks en een Ural-voertuig verloor. Daarenteen het agt Suid-Afrikaners gesneuwel, terwyl een Ratel en twee Caspirs vernietig is. Na die aanval en hewige verliese het oorlewendes van 59 Brigade tot noord van die Lomba-rivier teruggetrek. As gevolg van die suksesvolle Suid-Afrikaanse optrede was 47 Brigade effektief afgesny van die ander brigades wat hulle noord van die Lomba-rivier bevind het.⁴⁰

Dörnig evalueer die uitslag van die gevegte van 7-13 September 1987 soos volg:⁴¹

... it is in retrospect clear that the battles of the week 7-13 September marked the turning point in the entire operation. By failing to establish a bridgehead on the southern banks of the Lomba, the enemy had missed [the chance] of achieving a decisive breakthrough and establishing a tactical platform for an advance on Mavinga itself. After the battles of 7-13 September, the initiative passed firmly from the enemy to the SADF forces, with the FAPLA Brigade increasingly on the defensive despite further disastrous attempts by 21 Brigade to cross the Lomba.

Die tydperk 14 tot 27 September 1987 is gekenmerk deur ‘n skaakmatposisie betreffende die FAPLA-magte se taktiese situasie. Hulle is onderwerp aan volgehoue en intense SAW-grondaanvalle, artilleriebombardemente en lugaanvalle. In hierdie tydperk was die FAPLA-brigades staties-defensief in feitlik dieselfde stellings as wat hulle teen 9 September 1987 bereik het. Die SAW-aanvalle het veral gefokus op 47 Brigade, aangesien dit die enigste FAPLA-brigade suid van die Lomba-rivier was.⁴²

FAPLA het die gebied beter geken en kon daarom ‘n goeie terrein kies vir die inrig van effektiewe verdedigingstellings, soos op 16 September 1987 duidelik geblyk het uit ‘n mislukte Suid-Afrikaanse aanval op 47 Brigade. Ongunstige

40 SANWD, JFH, houer 14, Lêer 51, Ops/684/13 Sept 87: Sein TAK HK Rundu/SWAGM 31 *et al.*; houer 14, Lêer 51, Ops/696/13 Sept 87: Sein Tak HK Rundu/H Leër 31 *et al.*; houer 51, Lêer 52, Ops/732/14 Sept 87, Tak HK Rundu/H Leër *et. al.*; houer 15, Lêer 52: [*Operasie Moduler:*] *Beknopte historiese oorsig...*, pp. 3.10; houer 27, Lêer 130: *Oorlogsdagboek...*, 11 September 1987, reeksnommer 6, 13; 13 September 1987, reeksnommer 1, 4, 14, 21; 14 September 1987, reeksnommer 3; houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Moduler...*, pp. 53-55.

41 SANWD, JFH, houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Moduler...*, pp. 55-56.

42 SANWD, JFH, houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Moduler...*, p. 56.

terreintoestande het Veggroep A en C gedwing om kontak te verbreek en onverrigtersake te onttrek.⁴³

Op 18 September 1987 het 21 Brigade vir 'n derde keer 'n mislukte poging aangewend om die Lomba-rivier oor te steek. Die verwoestende uitwerking van 'n G5-bestoking van die oorsteekarea deur middel van lugbars-bomme blyk uit 'n onderskepte FAPLA-berig waarin gemeld word dat “[our infantrymen] are dying like dogs”.⁴⁴

Ten spyte van die hewige personeel- en voertuigverliese het 21 Brigade die volgende dag weer 'n poging aangewend om die rivier oor te steek. G5-bombardement, gekombineer met MVL-bestoking op die plek waar FAPLA-magte die rivier probeer oorsteek het, was egter uiters effektief: baie FAPLA-infanteriesoldate het gesneuwel en verskeie van hulle voertuie is vernietig. Dié derde poging van 21 Brigade is dus ook deur die SAW gefnuik.⁴⁵ Enkele dae later is 'n berig onderskep waarin 47 Brigade ook aan 21 Brigade gerapporteer het: “Things are looking very bad.”⁴⁶

Teen 22 September 1987 het die vier FAPLA-brigades aansienlike personeelverliese gelei: 844 lede het gesneuwel, 823 is gewond en 22 is krygsgevangene geneem. Daarbenewens is baie krygsmateriaal vernietig, waaronder 13 tenks en 84 logistieke voertuie.⁴⁷ Die verliese het so 'n verlamme uitwerking op die FAPLA-magte gehad dat verdere offensiewe operasies nie moontlik was nie. Dit was toe al duidelik dat dit slegs 'n kwessie van tyd sou wees voordat die brigades noodgedwonge hulle stellings aan die Lomba-front sou moes ontruim om elders te hergroepeer en te konsolideer. Gedurende die nag van 27 en 28 September 1987 het 21 Brigade in 'n

43 SANWD, JFH, houer 15, Lêer 52, Ops/808/16 Sep 87: Tak HK Rundu/H Leër 31; houer 24, Lêer 104: [*Operasie Moduler:*] *Beknopte historiese oorsig...*, pp. 3.10-3.11.

44 SANWD, JFH, houer 26, Lêer 119, Ops/415/18 Sept 87: Sitrap VHK/THK; houer 15, Lêer 52, Ops/857/18 Sept 87: Tak HK Rundu/H Leër 31; houer 28, Lêer 134, Inl/420/Sept 87, Ops/338 26 Nov 87: Tak HK Rundu/H Leër 31 *et al.*; houer 28, Lêer 135, Inl/420/Sept 87: 20 Bde Voor HK/Veggroep A, B en C, [19 September 1987].

45 SANWD, JFH, houer 26, Lêer 119, Ops/415/18 Sept 87: Sitrap Voor HK/Tak HK; houer 15, Lêer 52, Ops/335/19 Sept 87, *Sit 6 Mil Streek 21 Sep 87*, Tak HK Rundu/H Leër 31; houer 15, Lêer 52, Ops/335/19 Sept 87: Tak HK Rundu/H Leër 31; houer 30, Lêer 155: *Operasie Moduler, Onderhoud gevoer deur maj. R von Moltke met kmdt Smith, SO1 Inligting op 7 en 8 Desember 1987 te Rundu*, pp. 2, 4; houer 27, Lêer 130: *Oorlogsdagboek...*, 18 September 1987, reeksnommer 17; 19 September 1987, reeksnommer 14-15; houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Moduler ...*, pp. 60-61.

46 SANWD, JFH, houer 28, Lêer 135, Inl/476: 20 Bde HK/Veggroep A, B en C, [23 September 1987]; houer 27, Lêer 130: *Oorlogsdagboek...*, 16 September 1987, reeksnommer 10.

47 SANWD, JFH, houer 15, Lêer 52: *Anon., FAPLA verliese sedert 12 Julie 87 tot 22 Sep 1987*; houer 28, Lêer 134, Inl/476: 20 Brigade HK/Veggroep A, B en C, [ca 23 September 1987]; houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Moduler...*, p. 69.

noordwestelike rigting onttrek. Vir alle praktiese doeleindes is die FAPLA-offensief na Mavinga deur die onttrekking van 21 Brigade beëindig.⁴⁸

Dat Operasie Moduler as baie belangrik beskou is, blyk uit staatspresident PW Botha en sy geselskap se besoek aan die gevegsfront op 28 en 29 September 1987.⁴⁹ Botha was beïndruk deur die SAW-voorligting en sy besoek aan die operasionele gebied, en het sy persoonlike goedkeuring gegee vir die beplanning van 'n meer aggressiewe offensiewe fase van Operasie Moduler.⁵⁰ Aan die hand van riglyne deur die Staatspresident, H Leër en die Bevelvoerende Generaal van Suidwes-Afrika Gebiedsmag (BG SWAGM), is nuwe planne in werking gestel. Die hoofoogmerk van Fase 1, naamlik om die FAPLA-magte daarvan te weerhou om die UNITA-vesting Mavinga te verower, was in daardie stadium byna verwesenlik. Daar is gevolglik besluit om offensiewe aksies noord van die Lomba-rivier te loods tydens fase 2 en om gedurende fase 3 die vyand te agtervolg en te vernietig en dan Quito Cuanavale te verower.⁵¹

In 'n beplanningsdirektief gedateer 30 September 1987 rakende voortgesette SAW-deelname aan Operasie Moduler, het H Leër ook só rakende Cuito Cuanavale aanbeveel: "Moontlike optredes teen Cuito Cuanavale moet oorweeg word. Die verskeie opsies en implikasies van so 'n aanval moet duidelik uitgespel word. Die doel moet wees om Cuito Cuanavale te verower."⁵² Bykomende fondse en aanvullende magte sou hiervoor beskikbaar gestel word. Veral tens is dit noodsaaklik wees om genoemde doelwitte te bereik.⁵³ Die verowering van die Cuito Cuanavale-lughawe sou FAPLA dwing om van die Menongue-lughawe, sowat 150km noordwes van Cuito Cuanavale, gebruik te maak. Die effektiwiteit van die FAPLA-lugmag sou sodoende ingekort word weens die ekstra brandstofverbruik en die gevolglike korter duur van *sorties*.

48 SANWD, JFH, houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Moduler...*, pp. 70-71.

49 SANWD, JFH, houer 27, Lêer 130: *Oorlogsdagboek...*, 28 September 1987, reeksnommer 16; 29 September 1987, reeksnommer 5; houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Moduler...*, p. 71.

50 L Scholtz, "n Strategiese en operasionele beoordeling van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) se oorgrensoperasies..., p. 75.

51 SANWD, JFH, houer 27, Lêer 130: *Oorlogsdagboek...*, 28 September 1987, reeksnommer 16; 29 September 1987, reeksnommer 5; 30 September 1987, reeksnommer 6.


52 SANWD, JFH, houer 15, Lêer 55, vol. 2: Memorandum HLeër/HLeër S Ops, 30 September 1987.

53 SANWD, JFH, houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Moduler...*, pp. 71-73.

Die Slag van die Lomba-rivier, 3 Oktober 1987

Die teenwoordigheid van 47 Brigade suid van die Lomba-rivier het 'n bedreiging ingehou vir die taktiese beheer van die situasie deur 20 Brigade. Om die sukses van die eerste fase van Operasie Moduler te verseker, moes 47 Brigade óf vernietig word óf noordwaarts oor die Lomba-rivier teruggedryf word. Kolonel Ferreira en sy span het die vernietiging van 47 Brigade beplan, maar laasgenoemde het ook self planne beraam om uit hulle benarde situasie te ontsnap. Gedurende die eerste paar dae van Oktober 1987 het elemente groepe van 47 en 59 Brigade 'n gesamentlike poging aangewend om 'n Russies-vervaardigde TMM-mobiele brug oor die Lomba-rivier aan te lê: dit het kolonel Ferreira laat besluit om op 5 Oktober 1987 aan te val.⁵⁴

Figuur 2: Die Slag van die Lomba-rivier, 3 Oktober 1987⁵⁵



⁵⁴ SANWD, JFH, houer 30, Lêer 156: W Dörning, *A concise history of Operation Moduler...*, pp. 73-74.

⁵⁵ D Williams, *On the Border: The white South African military experience, 1965-1990* (Tafelberg, Cape Town, 2008), p. 98.

‘n Uitputtingsproses is begin deur G5-bestokings op 47 Brigade op 30 September en 1 Oktober 1987, terwyl daar in die middag van 30 September 1987 ook ‘n lugaanval (8 AZ en 4 Buccaneers) met verdraagde-aksiebomme⁵⁶ op 47 Brigade geloods is.⁵⁷ Teen 2 Oktober 1987 het sekere elemente dele van 47 Brigade na die TMM-brugoorsteekarea beweeg. Ferreira het gevolglik besluit om Veggroep Alpha, met Veggroep Charlie as ondersteuning, verder noordweswaarts te stuur met die doel om die voorste elemente van 47 Brigade te onderskep. Gedurende die oggend van 3 Oktober 1987 het die twee Suid-Afrikaanse veggroepe die hele 47 Brigade in ‘n oop shona (droë sandpan) betrap, terwyl 47 Brigade direk suid van die samevloeiing van die Cuzizi-Lomba-riviere en enkele honderde meters van die TMM-kruising aan die beweeg was. 47 Brigade se infanterie was totaal onvoorbereid en het in die vlugtog feitlik al hulle uitrusting en voertuie agtergelaat. In die geharwar het die TMM-brug ineengestort en gevolglik het die res van die Brigade hulle voertuie en tenks agtergelaat en noordwaarts oor die Lomba-rivier gevlug. ‘n Aantal van die tenkpersoneel het egter ‘n poging aangewend om hulle teen die Suid-Afrikaners te verset. In die proses is een Suid-Afrikaanse Ratel vernietig en het een bemanningslid gesneuwel. Die Ratels het egter verskeie tenks uitgeskiet en die oorblywende tenkpersoneel gedwing om te vlug.⁵⁸

In die daglange geveg van 3 Oktober 1987 het die Ratels dus ‘n groot aandeel gehad in die oorweldigende sukses van die Suid-Afrikaners en ‘n beduidende aantal vyandelike tenks is verwoes.⁵⁹ Die Suid-Afrikaners het slegs een man en een Ratel verloor – daarteenoor is 47 Brigade uitgewis en is verskeie voertuie en uitrusting in die proses vernietig, onder andere 3 x T55-tenks (vernietig); 18 x T54 tenks (4 herwin, 14 vernietig), 2 x SA-8 missielstelsels (1 vernietig en 1 herwin) en 83 x logistieke voertuie (45 herwin, 38 vernietig).⁶⁰

56 Dié bomme het nie ontplof sodra die grond getref is nie, maar is so gestel dat dit eers na byvoorbeeld ‘n uur ontplof. Die sielkundige effek van hierdie soort bomme was uiters doeltreffend.

57 SANWD, JFH, houer 15, Lêer 52, Ops/283/1 Okt 87: Tak HK Rundu/H Leër 31; houer 15, Lêer 52, Ops/258/30 Sept 87: Tak HK Rundu/H Leër 31; houer 27, Lêer 130: *Oorlogsdagboek...*, 30 September 1987, reeksnommer 10 en 11; 1 Oktober 1987, reeksnommer 11 en 12.

58 SANWD, JFH, houer 25, Lêer 106: *Onderhoud gevoer deur maj. R von Moltke met kmndt Smith ...*, p. 9; houer 15, Lêer 52, Ops/352/02 Okt 87: Tak HK Rundu/H Leër 31; houer 24, Lêer 104: [*Operasie Moduler:*] *Beknopte historiese oorsig...*, p. 3.13; houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Moduler...*, pp. 75-76.

59 E Jordaan, “The role of South African armour in South-West Africa/Namibia and Angola...”, *Journal for Contemporary History*, Vol. 31, no. 3, December 2006, pp. 173-174.

60 SANWD, JFH, houer 26, Lêer 119, U/G Ops/601/05 Okt 87: Sitrap VHK/THK; houer 15, Lêer 52, Ops/374/04 Okt 87: Tak HK Rundu/H Leër 31; houer 24, Lêer 104: [*Operasie Moduler:*] *Beknopte historiese oorsig...*, pp. 3.13-3.14; houer 27, Lêer 130: *Oorlogsdagboek ...*, 3 Oktober 1987, reeksnommer 14, 16, 17, 18, 20, 22, 25; houer 30, Lêer 156: W Dörnig, *A concise history of Operation Moduler...*, p. 76.

Op 4 Oktober 2009 het die VBP te Cuito Cuanavale aan al die FAPLA-brigades wat aan die offensief deelgeneem het opdrag gegee om teen 10 Oktober 1987 na die oorspronggebied van die Cunzumbia-rivier te onttrek.⁶¹ Die SAW-opperbevel het ver wag dat hierdie terugtrekking, soos FAPLA se terugtrekking in 1985, holderstebolder sou geskied en dat dit ook weer sou ontaard in 'n vlugtog op volle vaart. In plaas daarvan het die terugtog egter ordelik en volgens voorafbeplanning verloop,⁶² en teen 11 Oktober 1987 was al die retirerende FAPLA-brigades in die omstreke van die Cunzumbia-oorsprong saamgetrek.⁶³

Die FAPLA-onttrekking was egter nie slegs 'n defensiewe proses nie, maar dit het ook met offensiewe aksie gepaard gegaan. Só is Veggroep A byvoorbeeld op 8 Oktober 1987 om 10:10 deur twee MIG 21-vegvliegtuie aangeval, terwyl twee MIG 23-vegvliegtuie bodekking verleen het. Tydens die aanval het een Ratel ontplof en is vyf lede beseer, waarvan kavalleris De Jager later aan sy wonde beswyk het. UNITA kon daarin slaag om een MIG 21 neer te skiet en die gesneuwelde FAPLA-vlieënier is in die vliegtuigwrak gevind.⁶⁴

Voortsetting of onttrekking?

Aangesien die FAPLA-magte die Mavinga-offensief met relatiewe gemak sou kon hervat na konsolidering, het die SAW-opperbevel besluit dat dit van die uiterste belang was om Operasie Moduler voort te sit. Na deeglike beplanning is Operasie Moduler instruksie 24/87 vir die volgende fases op 6 Oktober 1987 uitgereik. Die Suid-Afrikaanse magte moes teen 15 Desember 1987 in samewerking met UNITA alle FAPLA-magte oos van die Quito-rivier vernietig. Daar is voorsien dat Operasie Moduler in drie fases sou ontplooi:

- Fase 1: Stop die FAPLA-offensief na Mavinga – effektief bereik op 3 Oktober 1987;
- Fase 2: Die Suid-Afrikaanse magte moes die inisiatief teen 6 November 1987

61 SANWD, JFH, houer 24, Lêer 104: [*Operasie Moduler:*] *Beknopte historiese oorsig...*, pp. 3.14-3.15; houer 18, Lêer 72: *Projek histogram...*, reeks 14, p. 15.

62 SANWD, JFH, houer 25, Lêer 106: *Onderhoud gevoer deur maj. R von Moltke met kmdt Smith...*, p. 16; houer 18, Lêer 72: *Projek histogram...*, reeks 23-24, 6 Oktober 1987, p. 20; 8 Oktober 1987, reeks 30, p. 24.

63 SANWD, JFH, houer 24, Lêer 104: [*Operasie Moduler:*] *Beknopte historiese oorsig...*, p. 3.16; houer 18, Lêer 72: *Projek histogram...*, 11 Oktober 1987, reeks 57, p. 45.

64 SANWD, JFH, houer 26, Lêer 119, Inl/631/08 Okt 87: Sein 20 Bde VHK/THK *et al.*; houer 15, Lêer 52, Ops/490/08 Okt 87: Tak HK Rundu/H Leër 31; houer 28, Lêer 134, Ops/632/ 08 Okt 87: VHK/THK Veggroep A *et al.*; houer 28, Lêer 133, Ops 632/08 Okt 87: VHK/Veggroep A, B, C *et al.*; houer 18, Lêer 72: *Projek histogram...*, reeks 32-33, pp. 26-27.

bekom en die FAPLA-magte oos van die Quito (sien Figuur 1) die maksimum verliese toedien;

- Fase 3: Vernietiging van die FAPLA-magte oos van die Cuito-rivier (sien Figuur 1) teen 15 Desember 1987.

Fase 3 het ook optrede teen Cuito Cuanavale ingesluit, indien dit noodsaaklik sou wees vir die suksesvolle voltooiing van Operasie Moduler. Die artillerie kon byvoorbeeld aangewend word om die lugmagbasis te neutraliseer en om FAPLA só te ontnem van die voordeel van 'n vliegveld naby aan die gevegsfront.⁶⁵

Samevatting

Vanuit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt beskou was Operasie Moduler fase 1 'n reuse sukses, aangesien die primêre oogmerk bereik is, naamlik om die FAPLA-offensief te stuit. Daarbenewens is SWAPO se planne om toegang tot die noordoostelike deel van Namibië te bekom in die wiele gery.⁶⁶ Die Slag van die Lomba-rivier het die suksesvolle afsluiting van fase 1 van Operasie Moduler verteenwoordig. 47 Brigade en die FAPLA Westelike Taktiese Groep is suid van die Lomba-rivier vernietig en sodoende is die FAPLA-opmars na Mavinga effektief gestuit.⁶⁷ Die oorblywende elemente van bogenoemde magte het noord van die Lomba-rivier teruggetrek in 'n noordelike rigting en het desperate pogings aangewend om by 59 Brigade noord van die Lomba-rivier aan te sluit.⁶⁸

Verskeie faktore het die onmiddellike agtervolging van die FAPLA-magte ná die suksesvolle Slag van die Lomba-rivier belemmer. Die feit dat 20 Brigade uit slegs drie veggroepe met beperkte vermoëns bestaan het, het agtervolging bemoelik. Daarbenewens het 20 Brigade 'n tekort aan pantservermoë gehad,

65 SANWD, JFH, houer 16, Lêer 56, vol. 3, D OPS/496/7 Okt 87: H Leër/SWA GM 31 Tak HK Rundu; houer 18, Lêer 72: *Projek histogram...*, reeks 22A, pp. 19B-19H.

66 CJ Nöthling, "Militêre kroniek van Suidwes-Afrika (1915-1988)", *Suid-Afrikaanse Weermag Oorsig*, 1989, p. 261.

67 C Saunders, "South Africa's war in Southern Angola (1987-1988) and the independence of Namibia", *Journal for Contemporary History*, vol. 18, no. 1, June 1993, p. 6; H Hamann, *Days of the generals...*, p. 93, SANWD, JFH, houer 18, Lêer 72: *Projek histogram, Konsep Operasie Moduler (fase 2)* geskryf deur kmdt. R von Moltke, reeks 1, p. 1.

68 SANWD, JFH, houer 26, Lêer 121, Ops/639/9 Okt 1987: Sitrap Bde 20 VHK/THK Rundu *et al.*; houer 24, Lêer 104: [*Operasie Moduler*:] *Beknopte historiese oorsig...*, pp. 3.13-3.14; houer 28, Lêer 132, Ops/639/9 Okt 87: Bde 20 VHK/THK Rundu *et al.*; Anon.; houer 18, Lêer 72: *Projek histogram, Konsep Operasie Moduler (fase 2)* geskryf deur kmdt. R von Moltke, reeks 1, p. 1; "Rooi aanslag", *Die Transvaler*, 30 September 1987, p. 24; "SA-Russians clash", *The Cape Times*, 12 November 1987, p. 1.

terwyl FAPLA oor 'n pantsermag van 'n brigade tenks beskik het – dit het agtervolging uiters gevaarlik gemaak. Die UNITA-bondgenote was ook nie opgelei of toegerus om die konvensionele FAPLA-magte aan te durf nie. Die SALM se offensiewe vermoë is verder gekortwiek deur FAPLA se aanwending van uiters gesofistikeerde MIG23-vegvliegtuie, radartoerusting en grond-tot-lug-missiele. Die Lomba-rivier was 'n hindernis wat die agtervolging van FAPLA noord van die rivier bemoeilik het, en die lang logistieke lyne vanaf Suid-Afrika, Grootfontein en Rundu het die situasie vererger. Hierdie beperkinge het deeglike beplanning van die Suid-Afrikaanse magte vereis en die tyd wat aan die beplanning bestee is, het FAPLA die geleentheid gegee om noordwaarts terug te trek met die oog op konsolidasie en aanvulling van hulle magte.⁶⁹

'n Nuwe en kommerwekkende dimensie rakende die FAPLA-magte word só deur kommandant Smith (SO1 Inligting) verwoord: “Wat daar [Slag van die Lomba-rivier] baie opvallend was, was die mate van weerstand wat die tks [tenks] gebied het. Die vyandige tks [tenks] het 'n helse “fight” opgesit met dit wat beskikbaar was aan die suidekant van die [Lomba-]rivier.”⁷⁰ Hierdie kragdadigheid is enkele dae voor die Slag van die Lomba-rivier voorafgegaan deur 59 Brigade se uitdagende opmerking aan die FAPLA-2 Operasionele Groep: “We are going to demonstrate that our army is capable to defend against any en [enemy] action coming from heaven or hell.”⁷¹ Hierdie nuwe ingesteldheid is deeglik gedurende die oorblywende fases van Operasie Moduler en tot groot ontnugtering van die Suid-Afrikaanse magte gedemonstreer.⁷² Die besonderhede daarvan sal in 'n opvolgartikel in die Mei 2011 uitgawe van *New Contree*, onder die loep geneem word.

69 SANWD, JFH, houer 18, Lêer 72: *Projek histogram...*, reeks 3, pp. 2-4.

70 SANWD, JFH, houer 25, Lêer 106: *Onderhoud gevoer deur maj. R von Moltke met kmdt Smith...*, p. 10.

71 SANWD, JFH, houer 26, Lêer 119, Int/564/01 October 1987: Intrep 20 Bde FWD HQ/THQ Rundu C/GP.

72 CJ Jacobs, “The forward defence strategy of the South African Defence Force...”, p. 39, *Journal for Contemporary History*, Vol. 31, no. 3, December 2006.